



# Selfdood van tiener roerend bekyk

Fiksie

**Stille waters**
Juanita Aggenbach
HUMAN & ROUSSEAU, R280

Juanita Aggenbach se *Stille waters* is op sowel volwasse as jonger lesers gerig. Die deurlopende tema is tienerselfdood.

Nou is die vraag: Kan romans wat sulke gewigtige kwessies aanpak, só aangebied word dat voornemende lesers nie voel hulle wil die vlaktes invlug nie? Of indien 'n mens sou aanvaar dat sulke romans gewild is, regverdig die gewildheid van boeke in hierdie genre die knaende publikasie van sulke titels?

In *Stille waters* kom twee gesinne ter sprake: Hanna en Carl met hul twee kinders Divan en die veel jonger Driekie; en 'n enkelouer-gesin bestaande uit Dorette en haar drie dogters. Die verhaal kom op dreef wanneer Divan selfdood pleeg. Dié tragedie het dramatiese gevolge.

Hanna en Carl moet elkeen afsonderlik die emosionele trauma van hul seun se selfdood verwerk; daarby word daar druk op hul huwelik geplaas – dalk juis omdat elkeen sy of haar skok en verdriet op sy of haar eie manier moet trotseer. Deurentyd is daar die vrae: Hoekom het Divan selfdood gepleeg? Watter tekens is misgekyk? Hoekom pleeg tieners oor die algemeen selfdood?

Intussen word Dorette en haar dogters se veiligheid deur haar gewese man bedreig – en haar tienerdogter, 'n klasmaat van Divan, probeer óók haar eie lewe neem.

Afgesien van enkele stylfoute soos "Die woorde val soos klippe uit haar mond" (bl. 249), is *Stille waters* vlot en foutloos geskryf – eerlik, aangrypend en met deernis. 'n Verhaal met 'n tema soos dié sou maklik soetsappig en sensasioneel kon wees, maar dit is nie. Die karakters en intrige oortuig. Die einde is ook oortuigend en bring hoop.

Die debat oor of goeie verkoopsyfers die ontginning van omstrede kwessies regverdig, is nie hier ter sprake nie omdat die tema nooit die gewoon uitstekende skryfwerk oorheers nie: *Stille waters* sal die kritici van hedendaagse, omstrede jeugverhale se bekke vir 'n lang ruk snoer.

■ **J.B. Roux** *is 'n vryskutresensent van Riebeek-Wes.*

# Jesus se liefdevolle vertolking van die wet

**Van voor tot agter is *Jesus vir almal* 'n betekenisvolle bydrae tot die voortgaande gesprek oor die volle aanvaarding van gay mense as normale medemense, skryf André Bartlett.**

Niefiksie

**Jesus vir almal – Die gay-gesprek in die kerk**
Neels Jackson
LUX VERBI, R210




Met party boeke is dit nogal 'n goeie idee om dit van agter af te lees. Nie om die geheim weg te gee, of om die verrassingselement te bederf nie, maar om vir 'n mens 'n helder beeld te gee van waarheen die skrywer met jou op pad is.

Een so 'n boek is Neels Jackson se *Jesus vir almal* met die subtitel *Die gay-gesprek in die kerk*.

In die "Nawoord" – letterlik die laaste twee bladsye – vat hy sy argument en die ryk inhoud van sy boek in 'n neutedop saam.

Oor Jesus sê hy: "In my hele lewe het ek niks aangrypender gelees as die verhaal van Jesus van Nasaret nie. In Hom en in sy verhaal het ek geleer dat God liefde is, dat God barmhartig is, dat God omgee vir mense."

Oor die kerk: "Ek droom van 'n kerk wat volledig verlos is van die kil godsdiens van die Fariseërs en volledig gevul word met die helende godsdiens van Jesus."

En dan droom hy verder "van 'n kerk waar gay mense God se verwelkomende liefde sal beleef, waar hulle volledig aanvaar en verwelkom sal word, waar hulle teenwoordigheid gevier sal word", en "waar gay gelowiges hulle verhoudings in liefde en trou en respek vir mekaar kan uitleef".

Wat Jackson se boek besonders maak, is dat dit nie in die eerste plek 'n gay-boek is wat Jesus vir die bevordering van een of ander agenda inspan nie, maar 'n boek oor Jesus wat eers vra: "Wie is Jesus?" en dan: "Wat is die betekenis van hierdie Jesus vir ons denke oor gay mense?"

In die eerste meer as honderd bladsye fokus hy volledig op Jesus en toon hy aan hoedat sy eie beeld van Jesus met verloop van tyd ook verskuif het na 'n dieper verstaan van wat dit beteken dat Jesus die Here is, en daarom volle gesag oor die lewe van gelowige mense het.

Veral belangwekkend in dié verband is die hoofstuk wat handel oor Jesus en die wet. Die gesag van Jesus is nie die onverbiddelike gesag van 'n wet wat blindelings gehoorsaam word nie, maar 'n wet waarvan die kern die liefde van God is. Hy toon oortuigend aan hoedat Jesus se liefdevolle vertolking van die wet 'n herwinning van die oorspronklike bedoeling daarvan is.

In die lig hiervan toon hy aan dat daar twee soorte godsdiens is, dié van Jesus en dié van die Fariseërs. En dan sê hy dat hy kopskuiwe moes maak sodat sy eie godsdiens meer soos dié van Jesus lyk, en by implikasie minder soos dié van die Fariseërs.

Van hierdie kopskuiwe is om te leer: "God is vriendelik" en: "Die Bybel is die verhaal van God se genade, nie 'n versameling godsdienstige reëls nie."

In 'n tweede deel vra hy die vraag: "Wie is die gays?" en kom tot die slotsom: gay mense is mense, nie 'n verskynsel nie. En omdat hulle mense is, is dit belangrik om na hul verhale te luister om hulle te verstaan.

Van die belangrikste insigte waartoe hy self in sy luister na sulke verhale gekom

> **"Om Jesus te volg beteken dan onder meer om gay mense se nood te hoor.**

het, is: gay mense kom agter hulle is gay en kies dit nie; pogings om gay mense se seksualiteit te verander werk nie, maar rig eerder skade aan; mense wat beweer dat hulle gay was en verander het, doen dit dikwels onder druk en erken later dat dit nie die geval was nie; en gay mense vind vrede wanneer hulle hulself aanvaar en deur ander mense aanvaar word.

In die derde deel van die boek bring hy sy denke oor Jesus en sy insigte oor gay mense bymekaar uit. Vir hom is die uitgangspunt in hierdie verband die vraag van Martin Luther: "Waar vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy in Jesus se oproep om Hom te volg.

Om Jesus te volg beteken dan onder meer om gay mense se nood te hoor, na hulle te luister en dit ernstig op te neem. Maar dit beteken ook om die wet te hanteer soos Jesus dit gedoen het, nie as 'n stel reëls wat ten koste van mense afgedwing word nie, maar as iets waardeur mense in staat gestel word om 'n vol en gelukkige lewe te hê.

In die laaste deel van die boek handel hy kortliks met sake wat dikwels die debatte oor gay-wees oorheers, onder andere die enkele Bybeltekste wat oor en oor as grondslag vir 'n afwysende standpunt oor homoseksualiteit genoem word.

Hy wys daarop dat dit in nie een van hierdie tekste gaan oor liefdevolle en getroue verhoudings tussen mense van dieselfde geslag nie, maar in die meeste gevalle oor perversiteite uit die kultuurwêreld van die Bybel.

Van voor tot agter is hierdie 'n betekenisvolle bydrae tot die voortgaande gesprek oor die volle aanvaarding van gay mense as normale medemense.

■ **André Bartlett** *is verbonde aan die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Universiteit van Pretoria.*




# Distopiese verhaal ontstig behoorlik

Jeugfiksie (17+)

**Offers vir die vlieë**
Fanie Viljoen
LAPA, R225

Distopia. Wanneer dié woord in Ou-Grieks afgebreek word, beteken dit slegte plek. Die teenoorgestelde van utopia. Donker, sonder hoop, 'n denkbeeldige haglike wêreld.

In Fanie Viljoen se *Offers vir die vlieë*, die wenner in 2019 van Lapa se jeugromankompetisie, het hy so 'n wêreld geskep. 'n Wêreld waar die Mag konstant teen die AntiMag in oorlog is. Waar kinders as deel van die Program as soldate opgelei word. Waar die Boek – "waar en rein is die woorde" – die lewe rig en die grense stel.

"Só is ons van kleins af geleer: Ons is deel van die Mag. Ons is Goed. Hulle – die gesiglose mense anderkant die Front – is die AntiMag, die Kwaad," verduidelik die hoofkarakter, Eliam, vroeg in die boek.

Eliam, 18 jaar oud en een van ses soldate wat oor is ná 30 hulle opleiding onder die sadistiese sersant Torsten begin het. Eliam wat al meer gesien en beleef het as wat 18-jariges moes.

As embleem het die Mag 'n hond met drie koppe. In die Griekse mitologie is dit Cerberus, die bewaker van die onderwêreld; die een wat keer dat die dooies hierdie onderwêreld verlaat. Een kop verteenwoordig die verlede, die ander die hede en die derde die toekoms.

Op 'n reis saam met Eliam en die ander vyf oorblywende kindersoldate word Torsten vermoor. Wie was vir die moord verantwoordelik? Dit moet een van die ses wees. Soos die verhaal vorder, besef jy elkeen van die ses het 'n rede, maar almal ontken skuld. Dit beteken iemand lieg. Dan nie?


Viljoen trek jou woord vir woord in sy storie in. Dis met tye nie 'n maklike boek om te lees nie. Die wreedheid laat jou diep asemhaal. En nes jy dink die drade word alles saamgevat en met 'n hoop in jou hart dat daar tog lig is, gooi hy 'n kinkel teen die einde wat jou die boek opeens teen 'n muur wil laat gooi en terselfdertyd vir vooraf wil laat lees. Welgedaan.

■ **Ilza Roggeband** *is 'n vryskutjoernalis van Melkbosstrand.*

# Philipp Wagner se lewensverhaal boeiende leeservaring

Niefiksie

**A Watchmaker's Romance with Time**
Amos van der Merwe
NALEDI, R165




Amos van der Merwe is byna sinoniem met die skryf van biografieë.

Uit sy pen het die lewensbeskrywing van Eugène Terre'Blanche en meer onlangs die twee uitstekende lewensverhale van die broers Randall en Winston Wicomb verskyn.

In sy nuutste werk word die lewe van "ein echter Wiener" wat Suid-Afrikaner geword het, onderhoudend beskryf.

Op diep in die 80 het Philipp Wagner sy lewensverhaal aan Van der Merwe vertel en die boek het kort ná sy 87ste verjaardag verskyn.

Die lewensverhaal is in die eerste persoon geskryf.

Wagner het in Wene, naby die Belvedere-kasteel, grootgeword. Op 'n dag het 'n ouerige man in 'n parkie vir hom gewys hoe om 'n besonderse papiervliegtuigie uit te knip en te bou.

Die man se laaste woorde aan hom sou sy lewensfilosofie word: "But if something is worth doing, it's worth doing it well.

"And whatever you do, do it with love."

Wagner is in 1933, die jaar toe Hitler aan die bewind gekom het, gebore.

In die kleuterskool is hy gedwing om oor die radio na een van die "Führer" se luide toesprake te luister.

Tydens sy eerste skooljaar moes Wagner voor die hele klas opstaan. Sy onderwyseres het aan die klas verduidelik dat hy 'n "Mischling" was – iemand met Joodse bloed. Later sou sy pa in Buchenwald sterf.

In 1942 toe die bomaanvalle op Wene begin toeneem het, het Wagner se ma hom en sy suster na haar familie wat in die klein boerderygemeenskap Grossweikersdorf gewoon het, gestuur. Daar het hy skoolgegaan en smiddae by die slagter gewerk.

Op 12 is hy terug na Wene waar hy sy laaste verpligte twee skooljare voltooi het.

Ná skool het hy aan die "Uhrmacherschule" in Wene studeer waar hy as vakleerling buitengewone goeie opleiding in die bou van horlosies gekry het. Vandag is hy 'n fyn meganikus.

In Oktober 1953 het Wagner op die *Zuiderkruis* na Suid-Afrika vertrek.

Ná sy aankoms in Kaapstad het hy in November na Oos-Londen vertrek waar hy sy lewe as horlosiemaker sou voortsit.

Tydens 'n kort intermezzo het hy, op sy suster se aanbeveling, weer in Wene gaan werk. Die werk was onbevredigend en hy het na Oos-Londen teruggekeer waar hy 'n suksesvolle horlosieonderneming bedryf het.

> **"In die kleuterskool is hy gedwing om oor die radio na een van die "Führer" se luide toesprake te luister.**

Daar word kortliks verwys na sy eerste huwelik en sy twee seuns uit dié huwelik. Wagner was later getroud met Tersia King, die opvoedkundige en Nasionale Partyparlementslid.

Tyd loop soos 'n goue draad deur sy lewe.

Sy pa het vir hom 'n buitengewone horlosie, 'n Omega Chronograph, nagelaat. Toe die Russe Oostenryk inbeweeg het, het hy die horlosie in 'n bottel onderin 'n varkhok begrawe en later weer opgegrawe. Hy besit dié geskenk steeds.

In Grossweikersdorf moes hy die groot kerktoringklok om 12:00 in die middag gaan lui.

Die laaste gedeelte van die boek word dan ook gewy aan Wagner se buitengewone belangstelling in die wetenskap, veral in tyd en gravitasie.

Sonder enige opleiding in die wetenskap het hy regdeur sy lewe baie selfstudie en eksperimente in dié rigting gedoen.

Wagner is 'n romantikus, maar dis juis sy praktiese kennis wat hom groot hoogtes laat bereik het.

Hy was betrokke by projekte van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, Krygkor en onlangs ook by die Suider-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT).

Hy was die ontwerper en vervaardiger van Teflon-dreineringspypies (*grommets*), gereedskap vir tandheelkundige inplantings en die ontwerp van instrumente vir gebruik by kornea-oorplantings.

Hy het Divan Serfontein, ortopeed en Springbok-rugbyspeler, gehelp met die ontwikkeling van skarniere, skroewe en sintetiese ligamente vir sekere kniebesering.

Hy voeg darem by dat hy daarna genoeg van navorsing op lyke gehad het!

Die laaste paar maande het Wagner 'n reduksie-ratkassie so groot soos 'n AA-battery ontwerp. Voorwaar 'n sprekende voorbeeld van 'n legende wat nie in 'n bed sal sterf nie.

Beslis nie, want sy biograaf vertel verder van 'n nuwe liefde wat hy in sy silwerjare in Switserland gevind het.

Dit is 'n uiters boeiende biografie, in der waarheid 'n outobiografie, wat met Amos van der Merwe se skryfpen 'n boeiende en opwindende leeservaring word.

Die boek laat die leser ten slotte met die absolute sekerheid: "You can't keep a good man down."

■ **Cornelia de Kock** *is 'n vryskutresensent van Stellenbosch.*